Solidariteit nou betrokke by taalgeding

PHILIP DE BRUIN
Kaapstad

Die belangrike geding oor 'n nasionale taalwet wat vandag in die hooggeregshof in Pretoria begin, het nou die vakbond Solidariteit betrek. Die eiser in die saak is mnr. Cerneels Lourens, 'n prokureur van Brits en stigterslid van die organisasie Regslui vir Afrikaans. Die verhoor sal voor regter Ben du Plessis plaasvind.

Mnr. Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, sê hulle beskou die geding as 'n "waterskeidingsaak" oor die plig van die regering om ingevolge art. 6(4) van die Grondwet taalwetgewing te aanvaar.

"Daarom sal Solidariteit die regskostes van die senior advokate (vir Lourens) in die geding dra.

"Ons beskou hierdie saak as een van die belangrikste tot nog toe in Suid-Afrika oor die regte van die land se tale. Solidariteit glo dat alle Suid-Afrikaners wat 'n ander taal as Engels as moedertaal het, 'n reg het op dienste in hul eie taal. Die saak is belangrik vir die beskerming van inheemse tale, soos Afrikaans."

Lourens voer aan dat die regering 'n grondwetlike plig het om 'n wet te aanvaar wat sal verseker dat alle Suid-Afrikaanse tale billik hanteer word.

Die regering voer op sy beurt aan dat Afrikaans inderdaad op verskeie maniere gehelp word, dat Engels homself tot 'n hoër posisie as die ander landstale bevorder het en dat 'n wet nie nodig is om taalregte te beskerm nie.

Du Plessis sal na verwagting sy uitspraak vandag voorbehou.